Harties NG Poortbode 2024

Datum:	21 April 2024	Kantoor:	Angie - 012 253 1991x100
Prediker:	Ds. Johan de Wet	E-pos:	kantoor@hartiesng.org
Teks:	2 Kor.5:17	Poortbode:	Marianne - 012 253 1991x106
Tema:	Ek: 'n nuwe mens!	E-pos:	komm@hartiesng.org

WEEKPROGRAM

Sondag	21/04	08:30	Voorbidding	Gebedskamer
		09:00	Erediens	Kerkgebou
		09:00	Voete– en Juniorkerk	Jeugsentrum
		17:30	Seniorjeugkerk	Jeugsentrum
Dinsdag	23/04	18:00	**L • I • F • T**	Jeugsentrum
Woensdag	24/04	09:00	Senior– en Vrouebybelstudie	Jeugsentrum
Vrydag	26/04	06:00	Mannebiduur	Kerkgebou

HEILSMUUR

Die Lam van God
Matt.3:13-17 en Luk.9:35

1. Jesus het na Johannes gegaan en hom vesoek om Hom te doop. Johannes was huiwerig. "Ek moet eintlik deur U gedoop word en U kom na my toe?" Jesus sê vir hom: " Nogtans moet jy dit doen, want op hierdie manier, moet ons aan die wil van God voldoen."
2. Johannes het ingestem en Jesus gedoop. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom.
3. In Luk. 9:35 op die berg van verheerliking gebeur die volgende: daar kom toe 'n stem uit die wolk wat sê: "Dit is my seun wat Ek uitverkies het. Luister na Hom."
4. Dankie Vader, dat U, U Seun na die wêreld gestuur het, om sondaars soos ek, van die ewige verderf te red. Amen.

Gebedsversoeke

Ons dra die volgende lidmate aan die Here op. Mag hulle Sy genade, liefde en versorging op 'n kosbare wyse ervaar.

1. Ben Naudé: hy word stadig, maar seker sterker.
2. Wendy Barnardo: haar broer, Henry, sterk goed aan.
3. Jan van den Heever en Lynn-Marie du Plessis: hulle sterk albei tuis goed aan.
4. Helena de Vos: sy ondergaan tans haar volgende kursus chemo.
5. Ansie Swartz: die dokters is tevrede met haar vordering na die operasie, maar sy moet ook chemobehandeling ontvang.
6. Christine Breed: sy beleef erge pyn en ontvang tans fisiobehandeling.
7. Beroeping: die onderhoude het goed afgeloop. Dankie vir elkeen se voorbidding en moeite met die reëlings. Die beroepingsvergadering vind op Maandag 6 Mei plaas. Ons dra die kerkraad en die vergadering in diepe afhanklikheid aan die Here op.

Gee gebedsversoeke asseblief voor Woensdae 12:00 deur aan:

Wendy Barnardo 072 159 6777

Zapper-kode vir dankoffers

Ons kuier saam...

Sondag 21 April
Hanlie en Netta
Sondag 28 April
René en Mirandi

Indien jy graag wil help tee en koffie skink, kontak gerus vir Lee Ann by:
073 817 0323

BEHUISING WORD DRINGEND BENODIG VIR

1. 73-jarige seniordame
2. 27-jarige man
   (medies ongeskik)

Kontakpersoon:
Johan Badenhorst
063 484 1263

Afsaal Kleuterskool

Kombersieprojek: Dankie aan elkeen wat 'n kombers gemaak het. Daar word nog so 'n klompie kombersies benodig. Daar is wol in die kerkkantoor beskikbaar, vir dié wat nog graag wil help.

Die 17 kombersies wat klaar was, is verlede week uitgedeel. Die vreugde was onmiskenbaar en die kleingoed kan nou lekker warm slaap.

Kontak Susan: 072 130 3339

Verf van die pallisade-heining: Daar word emaljeverf vir die verf van die heining benodig. Ons wil graag die heining met die primêre kleure verf. Blou, groen, rooi en geel emaljeverf sal baie welkom wees, maar wit emaljeverf kan ook gebruik word. Daar word ook die volgende benodig: tydskrifte, Engelse kleuterboeke en 'n gasbottel.

Kontak Frik: 082 855 6685
Chevaune: 083 616 7741